# Inleiding tot kultuur- en mediastudie 724 (LCC 724)

| | |
|---|---|
| **Kwalifikasie** | Nagraads |
| **Fakulteit** | Fakulteit Geesteswetenskappe |
| **Modulekrediete** | 20.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 1 lesing per week |
| **Onderrigtaal** | Dubbelmedium |
| **Akademiese organisasie** | Afrikaans |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

*Nie aangebied in 2014 nie* Die module behels inleidende studie van die vormgewende teoretiese tekste van die leidende denkstrominge en teoretici op die gebied van kultuur- en mediastudie. Vrae na die uiteenlopende omskrywings van kernbegrippe soos “kultuur”, “media”, “kommunikasie”, “Marxisme”, “strukturalisme”, “feminisme” en “postkolonialisme” en hul historiese begronding sal gevra word. Daarnaas sal die evolusie van sowel teoretiese opvattinge rondom kultuur en media as die vakgebied onder die loep geneem word.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.